16. The secretary of a regional welfare board may, on application by a welfare organisation and, if he is satisfied that the registration certificate issued to such organisation in terms of section 13 of the Act has been destroyed or lost and cannot be found, issue a copy

van bedoelde registrasiesertifikaat uitreik wat hy as 'n ware afskrif van die oorspronklike registrasiesertifikaat moet sertifiseer.

17. Die sekretaris van 'n streekwelsynsraad moet 'n register hou van welsynsorganisasies wat ingevolge artikel 13 van die Wet deur sodanige streekwelsynsraad geregistreer is waarin hy ten opsigte van iedere sodanige organisasie aanteken of laat aanteken—

(a) al die besonderhede wat op die registrasiesertifikaat in regulasie 15 bedoel aangeteken moet word;

(b) besonderhede van enige wysiging, opskorting of intrekking van so 'n registrasiesertifikaat ingevolge artikel 14 van die Wet met vermelding van die datum waarop sodanige wysiging, opskorting of intrekking van krag word en, in die geval van enige opskorting van so 'n registrasiesertifikaat, ook die tydperk van sodanige opskorting.

WYSIGING, OPSKORTING OF INTREKKING VAN REGISTRASIESERTIFIKAAT

18. (1) Indien 'n streekwelsynsraad van oordeel is dat daar redelike gronde bestaan om 'n ondersoek ingevolge artikel 14 van die Wet in te stel, laat die sekretaris van sodanige streekwelsynsraad 'n kennisgewing aan die betrokke welsynsorganisasie beteken waarin die organisasie aangesê word om op die plek en tyd in die kennisgewing vermeld voor bedoelde streekwelsynsraad redes aan te voer waarom die registrasiesertifikaat wat aan hom uitgereik is nie gewysig, vervang of ingetrek moet word nie.

(2) Sodanige kennisgewing moet die besonderhede uiteensit wat redelikerwys voldoende is om sodanige welsynsorganisasie van die gronde te verwittig waarop die wysiging, vervanging of intrekking van die registrasiesertifikaat beoog word en moet deur die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad onderteken word en aan die betrokke welsynsorganisasie beteken word minstens 21 dae voor die datum wat in sodanige kennisgewing vir die hou van die ondersoek bepaal is.

(3) Die respondent kan by die ondersoek deur sy regsverteenvoerder of deur 'n lid van sy bestuur verteenwoordig word of kan verklarings of argumente vir oorweging by die ondersoek deur die betrokke streekwelsynsraad voorlê.

19. (1) By die verskyning van die respondent by die ondersoek of, indien die respondent nie by die ondersoek aanwesig is nie en die streekwelsynsraad wat die ondersoek hou oortuig is dat die kennisgewing behoorlik aan die respondent beteken is, moet die raad 'n ondersoek hou na die aangeleenthede in die kennisgewing vermeld en kan die raad enigiemand wat by die ondersoek aanwesig is, ondervra of onder kruisverhoor neem en moet die raad die getuienis wat deur of ten behoeve van die respondent by die ondersoek aangevoer word, aanhoor.

(2) Die respondent of sy regsverteenvoerder kan by die ondersoek enige getuie wat vir of ten behoeve van die respondent geroep is, ondervra en kan enige ander getuie wat by die ondersoek getuienis aflê, onder kruisverhoor neem.

(3) (a) Die streekwelsynsraad kan enigiemand gelas om sy getuienis by die ondersoek onder eed of onder bevestiging af te lê.

of the said registration certificate to such organisation which he shall certify as a true copy of the original registration certificate.

17. The secretary of a regional welfare board shall keep a register of welfare organisations registered by such regional welfare board in terms of section 13 of the Act, in which he shall record or cause to be recorded in respect of each such organisation—

(a) all the particulars that shall be recorded on the registration certificate referred to in regulation 15;

(b) particulars of any amendment, suspension or withdrawal of such registration certificate in terms of section 14 of the Act, specifying the date on which such amendment, suspension or withdrawal shall come into force and, in the case of any suspension of such registration certificate, also the period of such suspension.

AMENDMENT, SUSPENSION OR WITHDRAWAL OF REGISTRATION CERTIFICATE

18. (1) If the regional welfare board is of the opinion that there are reasonable grounds for conducting an enquiry under section 14 of the Act, the secretary of such regional welfare board shall cause a notice to be served on the welfare organisation concerned, calling upon it to show cause before such regional welfare board at a place and time specified in the notice, why the registration certificate granted to it shall not be amended, replaced or withdrawn.

(2) Such notice shall set forth such particulars as are reasonably sufficient to inform such welfare organisation of the grounds on which the amendment, replacement or withdrawal of the registration certificate is contemplated and shall be signed by the secretary of the regional welfare board concerned and served on the welfare organisation concerned not less than 21 days before the date specified in such notice for the holding of the enquiry.

(3) The respondent may be represented at the enquiry by its legal representative or by a member of its management or may submit statements or arguments for consideration by the regional welfare board concerned at the enquiry.

19. (1) On the appearance of the respondent at the enquiry or if the respondent is not present at the enquiry and the regional welfare board holding the enquiry is satisfied that the notice has been duly served on the respondent, the said regional welfare board shall conduct an enquiry into the matters referred to in the notice and the board may examine or cross-examine any person present at the enquiry and the board shall hear such evidence as may be adduced by or on behalf of the respondent at the enquiry.

(2) The respondent or its legal representative may at the enquiry examine any witness called for on behalf of the respondent and may cross-examine any other witness giving evidence at the enquiry.

(3) (a) The regional welfare board may direct any person to give evidence at the enquiry on oath or on affirmation.

(b) Die voorsitter van die streekwelsynsraad of die lid van die streekwelsynsraad wat by die ondersoek voorsit, kan aan enigiemand wat voor die streekwelsynsraad verskyn om getuienis af te lê of om 'n boek, dokument of saak voor te lê, 'n eed oplê of van hom 'n bevestiging aanneem.

(4) In verband met die aflê van getuienis of die voorlegging van 'n boek, dokument of saak by sodanige ondersoek, is die reg op privilegie van toepassing wat van toepassing is op 'n getuie wat in 'n strafsak in 'n landdroshof getuienis aflê of gedagvaar is om 'n boek, dokument of saak in sodanige strafsak voor te lê.

(5) Die streekwelsynsraad kan na goeë dunde die ondersoek van tyd tot tyd uitstel of verdaag vir sodanige tydperke as wat hy goeë vind.

(6) Die bepalings van artikel 9 (3) van die Wet en regulasies 2, 5, 7 en 8 (1) en (2) is *mutatis mutandis* van toepassing op enige ondersoek wat deur 'n streekwelsynsraad ingevolge artikel 14 van die Wet gehou word.

(7) Die voorsitter of die lid van die streekwelsynsraad wat by die ondersoek voorsit, moet notule van die verrigtings by die ondersoek laat hou op die wyse wat hy bepaal.

(8) Sodanige notule lê gedurende gewone kantoorure ter insae van en afskrifte daarvan kan deur die respondent of sy regsvertegenwoordiger gemaak word op sodanige voorwaardes met betrekking tot tyd en plek as wat die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad mag bepaal.

(9) Die notule van die ondersoek word deur die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad bewaar by die plekke en vir die tydperke wat die Sekretaris bepaal.

(10) Die kennisgewing bedoel in artikel 14 (6) (a) of (b) van die Wet moet 'n verklaring bevat ten effekte dat die registrasiesertifikaat uitgereik aan die welsynsorganisasie in die kennisgewing vermeld met ingang van die datum in die kennisgewing vermeld ingetrek of gewysig is soos daarin vermeld of dat dit vir die tydperk aldus vermeld, opgeskort is, na gelang van die geval, en moet sodanige welsynsorganisasie versoek om sodanige registrasiesertifikaat binne 14 dae vanaf die datum van sodanige kennisgewing of vanaf die publikasie daarvan, watter datum ook al die laaste datum is, aan die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad terug te stuur.

APPEL

20. (1) 'n Appèl kragtens artikel 15 (1) van die Wet teen 'n beslissing van 'n streekwelsynsraad moet aangeteken word binne 42 dae nadat 'n kennisgewing van sodanige beslissing aan die welsynsorganisasie of ander organisasie beteken is, deur die aflewering aan die sekretaris van die streekwelsynsraad wat sodanige beslissing gegee het, vir voorlegging aan die Minister, van 'n kennisgewing waarin die gronde, hetsy feitelike of regsgronde of beide, waarop die appèl berus, duidelik en saaklik uiteengesit word.

(2) Bedoelde sekretaris moet sodanige kennisgewing onverwyld by ontvangs daarvan aan die Minister voorlê en 'n afskrif daarvan tesame met 'n afskrif van die notule van die onderhawige verrigtings, met inbegrip van 'n transkripsie daarvan indien dit in snelskrif of op meganiese wyse afgeneem is, aan die voorsitter of

(b) The chairman of the regional welfare board or the member of the regional welfare board presiding at the meeting may administer an oath to, or accept an affirmation from, any person appearing before him to give evidence or to produce any book, document or thing.

(4) In connection with the giving of evidence or the production of any book, document or thing at such enquiry, the law relating to privilege as applicable to a witness giving evidence or summoned to produce a book, document or thing in criminal proceedings in a magistrate's court shall apply.

(5) The regional welfare board may, in its discretion, from time to time postpone or adjourn the enquiry for such periods as it may deem fit.

(6) The provisions of section 9 (3) of the Act and regulations 2, 5, 7 and 8 (1) and (2) shall *mutatis mutandis* apply to any enquiry held by the regional welfare board in terms of section 14 of the Act.

(7) The chairman or the member of the regional welfare board presiding at the enquiry shall cause minutes to be kept of the proceedings at the enquiry in such manner as he may determine.

(8) Such minutes shall lie for inspection during normal office hours and copies thereof may be made by the respondent or its legal representative on such condition as to time and place as the secretary of the regional welfare board concerned may determine.

(9) The minutes of the enquiry shall be preserved by the secretary of the regional welfare board concerned at such places and for such periods as the Secretary may determine.

(10) The notice referred to in section 14 (6) (a) or (b) of the Act shall contain a statement to the effect that the registration certificate issued to the welfare organisation specified in the notice has, with effect from the date mentioned in the notice been withdrawn or amended as mentioned therein or that it has been suspended for the period specified therein, as the case may be, and shall request such welfare organisation to return such registration certificate to the secretary of the regional welfare board concerned within a period of 14 days of the date of such notice or from the publication thereof, whichever date is the later date.

APPEAL

20. (1) An appeal in terms of section 15 (1) of the Act against a decision of a regional welfare board shall be noted within 42 days after service of a notice of such decision to the welfare organisation or other organisation, by the delivery to the secretary of the regional welfare board which gave such decision, for submission to the Minister, of a notice setting out clearly and succinctly the grounds, whether of fact or of law or both, on which the appeal is based.

(2) The said secretary shall submit such notice to the Minister immediately on receipt thereof and shall transmit a copy of the record of the proceedings concerned, including a transcript thereof if it was taken down in shorthand or recorded by mechanical means, to the chairman or member of the regional welfare board who presided at the meeting where the decision

lid van die streekwelsynsraad stuur wat by die vergadering voorgesit het waar die beslissing waarteen geappelleer word, geneem is, en sodanige voorsitter of lid moet die sekretaris binne 14 dae daarna van 'n skriftelike verklaring voorsien waarin uiteengesit word—

(a) die feite wat die streekwelsynsraad bevind het by sodanige vergadering bewys is;

(b) die streekwelsynsraad se redes vir enige feitlike bevinding wat in die appellant se kennisgewing van appèl vermeld word as 'n feitlike bevinding waarteen geappelleer word;

(c) die streekwelsynsraad se redes vir enige beslissing oor 'n regspraak of ten opsigte van die toelating of verwerping van getuienis wat aldus vermeld is as 'n beslissing waarteen geappelleer word.

(3) Iedere kennisgewing van appèl en verklaring wat ingevolge subregulasie (2) aan bedoelde sekretaris verstrek is, moet deel uitmaak van die notule van die betrokke verrigtings.

(4) Bedoelde sekretaris moet binne 14 dae na die aanstelling van die appèlkomitee wat aangestel is om die appèl te verhoor—

(a) die notule van die verrigtings, tesame met 'n afskrif of transkripsie daarvan indien dit in snelskrif of op meganiese wyse afgeneem is, aan die voorsitter van die appèlkomitee stuur;

(b) 'n afskrif van die notule van die verrigtings, of transkripsie daarvan indien dit in snelskrif of op meganiese wyse afgeneem is, aan elkeen van die ander lede van genoemde appèlkomitee stuur;

(c) die appellant voorsien van 'n afskrif van die verklaring wat ingevolge subregulasie (2) aan bedoelde sekretaris verstrek is.

(5) (a) Bedoelde sekretaris moet die appellant skriftelik in kennis stel van die datum en plek wat deur die appèlkomitee vir die verhoor van die appèl bepaal is.

(b) Sodanige kennisgewing moet op die wyse in regulasie 24 bepaal, aan die appellant beteken word.

(6) Behoudens die bepalinge van artikel 15 (4) van die Wet, moet die appèlkomitee die appèl aan die hand van die notule van die betrokke verrigtings beslis.

(7) Geen persoon wie se aanwesigheid nie nodig is nie, mag by die verhoor van 'n appèl ingevolge artikel 15 van die Wet aanwesig wees nie, behalwe met verlof van die appèlkomitee.

(8) Die beslissing van die meerderheid van die lede van die appèlkomitee is die beslissing van dié komitee.

(9) Die sekretaris van die betrokke streekwelsynsraad moet in opdrag van die voorsitter van die appèlkomitee die appellant skriftelik van die appèlkomitee se beslissing in kennis stel.

GELDELIKE TOEKENNINGS

21. 'n Toekenning ingevolge artikel 20 (1) van die Wet is maandeliks betaalbaar en is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) Dat dit gebruik word slegs vir die doel waarvoor dit gedoen is;

(b) dat iedere welsynsorganisasie wat maatskaplike werkers soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Maatskaplike en Geassosieerde Werkers, 1978 (Wet 110 van 1978), in diens het, ten opsigte van iedere sodanige werker wat maatskaplike werk verrig, soos in genoemde artikel omskryf, 'n dagboek laat byhou en maandeliks 'n opgawe aan die Sekretaris verstrek op die vorms wat vir dié doel van die Sekretaris verkrygbaar is;

appealed against was taken, and such chairman or member shall within 14 days thereof supply the secretary with a statement in writing setting out—

(a) the facts the regional welfare board found to have been proved at such meeting;

(b) the regional welfare board's reasons for any finding of fact specified in the appellant's notice of appeal as a finding of fact appealed against; and

(c) the regional welfare board's reasons for any ruling on any question of law or as to the admission or rejection of evidence so specified as a ruling appealed against.

(3) Every notice of appeal and statement submitted to the said secretary in terms of subregulation (2) shall become part of the record of the proceedings concerned.

(4) The said secretary shall, within 14 days of the date of the appointment of the appeal committee appointed to hear the appeal—

(a) transmit to the chairman of the appeal committee the record of the proceedings, together with a copy or transcript thereof if it was taken down in shorthand or recorded by mechanical means;

(b) transmit to each of the other members of the said appeal committee a copy of the record of the proceedings or a transcript thereof if it was taken down in shorthand or recorded by mechanical means;

(c) supply the appellant with a copy of the statement submitted to the said secretary in terms of subregulation (2).

(5) (a) The said secretary shall notify the appellant in writing of the date and place determined by the appeal committee for the hearing of the appeal.

(b) Such notification shall be served on the appellant in the manner provided in regulation 24.

(6) Subject to the provisions of section 15 (4) of the Act, the appeal committee shall decide the appeal on the basis of the minutes of the proceedings concerned.

(7) No person whose presence is not necessary shall, except with the leave of the appeal committee, be present at the hearing of any appeal under section 15 of the Act.

(8) The decision of the majority of the members of the appeal committee shall be the decision of the committee.

(9) The secretary of the regional welfare board concerned shall, by direction of the chairman of the appeal committee, notify the appellant in writing of the decision of the appeal committee.

FINANCIAL GRANTS

21. A grant in terms of section 20 (1) of the Act shall be payable monthly and shall be subject to the following conditions:

(a) That it shall only be used for the purpose for which it has been made;

(b) that every organisation employing social workers as defined in section 1 of the Social and Associated Workers Act, 1978 (Act 110 of 1978), shall cause a diary to be kept in respect of every such worker who performs social work as defined in the said section and shall monthly submit to the Secretary a return on the forms obtainable from the Secretary for this purpose;

(c) dat die werksaamhede van die nasionale raad of welsynsorganisasie waaraan of ten opsigte waarvan die toekenning gedoen word, te eniger tyd geïnspekteer kan word deur 'n beampte in diens van die Staat wat deur die Sekretaris vir dié doel aangewys word, en dat alle dokumente of inligting wat redelikerwys vir die doel van die inspeksie nodig is, deur die betrokke nasionale raad of welsynsorganisasie aan bedoelde beampte verstrekkend of beskikbaar gestel word;

(d) dat iedere nasionale raad of welsynsorganisasie, na gelang van die geval, 'n begroting van sy inkomste en uitgawes aan die Sekretaris verstrekkend op die wyse en op die tye wat die Sekretaris bepaal;

(e) dat die nasionale raad of welsynsorganisasie, na gelang van die geval, die opgawes, verslae of statistieke aan die Sekretaris verstrekkend op die tye en op die wyse wat die Sekretaris van tyd tot tyd bepaal.

BEGROTING

22. (1) Die streekwelsynsraad moet jaarliks nie later as 30 April by die Sekretaris 'n begroting indien van die verwagte uitgawes van die streekwelsynsraad vir die eersvolgende boekjaar.

(2) 'n Welsynskomitee moet jaarliks nie later as 31 Januarie 'n begroting by die betrokke streekwelsynsraad indien van sy verwagte uitgawes vir die boekjaar in subregulasie (1) bedoel.

BEWARING VAN DIE REKORDS VAN DIE STREEKWELSYNSRADE

23. By die toepassing van die Argiefwet, 1962 (Wet 6 van 1962), word die kantoor van iedere streekwelsynsraad geag 'n staatskantoor te wees soos in daardie Wet omskryf.

BETEKENING VAN STUKKE

24. Wanneer 'n kennisgewing ingevolge artikel 14 (6) (a) van die Wet aan 'n organisasie beteken word sodanige kennisgewing geag aldus beteken te wees indien dit per aangetekende pos aan die laasbekende of geregistreerde adres van sodanige organisasie gepos is.

DATUM VAN INWERKINGTREDING

25. Hierdie regulasies tree in werking op 1 September 1979.

(c) that the activities of the national council or welfare organisation to which or in respect of which the grant is made, may be inspected at any time by an officer in the service of the State, designated for this purpose by the Secretary, and that all documents or information reasonably required for the purpose of the inspection shall be supplied by the said national council or welfare organisation to or placed at the disposal of the said officer;

(d) that every national council or welfare organisation, as the case may be, shall submit to the Secretary an estimate of its revenue and expenditure in the manner and at the times determined by the Secretary; and

(e) that the national council or welfare organisation, as the case may be, shall submit to the Secretary such returns, reports or statistics at the times and in the manner determined by the Secretary from time to time.

ESTIMATES

22. (1) The regional welfare board shall submit annually, not later than 30 April, to the Secretary an estimate of expected expenditure of the regional welfare board for the ensuing financial year.

(2) A welfare committee shall submit annually, not later than 31 January, to the regional welfare board concerned an estimate of its expected expenditure for the financial year referred to in subregulation (1).

PRESERVATION OF RECORDS OF THE REGIONAL WELFARE BOARDS

23. For the purposes of the Archives Act, 1962 (Act 6 of 1962), the office of every regional welfare board shall be deemed to be a Government office as defined in that Act.

SERVICE OF DOCUMENTS

24. Whenever any notice is required, in terms of section 14 (6) (a) of the Act, to be served to an organisation, such notice shall be deemed to have been so served if it has been posted to the last known or registered address of such organisation by registered post.

DATE OF COMMENCEMENT

25. These regulations shall come into operation on 1 September 1979.

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Buy National Savings Certificates



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTEMENT VAN INDIËRSAKE
DEPARTMENT OF INDIAN AFFAIRS

Telegrafiese adres COMASIA Telefoon 48-3749
Telegraphic address Telephone

Privaatsak X92
Private Bag
PRETORIA
0001

OPGAAF VAN WELSYNSBEHOEFTE
RETURN OF WELFARE NEEDS

Transaksiekode 02

Streek 03

Dokumentnommer 01

Diensveld 04

Diens/Gerief 05

IDENTIFISERING VAN KLIËNTE
CLIENT IDENTIFICATION

Geslag
Sex

06

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------

Taal
Language

07

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------

Kerkverband
Church denomination

08

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------

Subsiëring
Subsidisation

09

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------

Opname van kinders
Admission of children

10

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------

Opname van volwassenes
Admission of adults

11

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------

Inkomstegroep
Income group

12

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------

Soort kind
Type of child

13

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------

Ouderdom vir opname
Age for admission

14

<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------

Ouderdom vir aanhouding
Age for retention

15

<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------

Klassifikasie van bejaardes
Classification of aged persons

16

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------

Klassifikasie van gestremdes
Classification of the handicapped

17

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------

Klassifikasie: Wet 41 van 1971
Classification: Act 41 of 1971

18

<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------	----------------------

Gebied 19

Promotor van diens/gerief 21

Beraamde koste van projek:
Estimated cost of project:

Streekwelsynsraad Verwysingsnommer
Regional Welfare Board Reference number

20

Prioriteit in hierdie diensveld
Priority in this field of service

22

Prioriteit in alle diensvelde
Priority in all fields of service

23

Boekjaar
Financial year

24

Privaatfondse
Private funds

25

Staatsfondse
Government funds

26

Sekretaris: Streekwelsynsraad
Secretary: Regional Welfare Board

Datum/Date

Dokumentnommer 27

Hoofkantoor Verw. No.
Head Office Ref. No. 28

Nasiener/Examiner

Datum/Date

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staats- koerant No.
Indiërsake, Departement van			
<i>Goewermentskennisgewings</i>			
R. 1927	Nasionale Welsynswet (100/1978): Instel- ling van streek.....	1	6642
R. 1928	do.: Instelling van Streekwelsynsraad	1	6642
R. 1929	do.: Benoemingskolleges.....	1	6642
R. 1930	do.: Regulasies.....	2	6642

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
Indian Affairs, Department of			
<i>Government Notices</i>			
R. 1927	National Welfare Act (100/1978): Estab- lishment of region.....	1	6642
R. 1928	do.: Establishment of Regional Welfare Board.....	1	6642
R. 1929	do.: Nomination colleges.....	1	6642
R. 1930	do.: Regulations.....	2	6642